# BERGRIVIER MUNISIPALITEIT

# SPORTBELEID

## SRN010 /07 / 2013

**SRN010 / 07 / 2013**
**APPROVAL OF SPORT AND RECREATION POLICY**
**2 / B**

That Council adopts the Sport and Recreation Policy .

***

# INHOUDSOPGAWE


1. INLEIDING
   - 1.1 VISIE
   - 1.2 DOELWITTE
   - 1.3 WETLIKE RAAMWERK
   - 1.4 ROLLE EN VERANTWOORDELIKHEDE
   - 1.5 BEFONDSING
   - 1.6 FASILITEITE
2. BERGRIVIER SPORT ASSOSIASIE
   - 2.1 ROLLE EN VERANTWOORDELIKHEDE
   - 2.2 VOLHOUBARE EN KONSTRUKTIEWE KOMMUNIKASIE
   - 2.3 ONTWIKKELINGSPROFIEL: ONDERHOUD EN JAARLIKSE OPGRADERING
   - 2.4 ONTWIKKELING VAN 'N ETIEKKODE VIR SPORT IN BERGRIVIER
   - 2.5 OPBOU VAN KAPASITEIT
3. PLAASLIKE SPORTRADE IN DORPE
   - 3.1 Lede van die Raad
   - 3.2 Plaaslike Sportrade: Rolle en Verantwoordelikhede
   - 3.3 Identifisering van behoeftes, projekte en programme
   - 3.4 Opleiding en ontwikkeling
4. PLAASLIKE KLUBS – ROLLE EN VERANTWOORDELIKHEDE
5. ETIEKKODE
6. ALGEMEEN


EDITED COPY

1. INLEIDING

Sport het 'n groot impak op gemeenskappe. Dit is 'n noodsaaklike komponent van gemeenskapslewe. Sport, meer as enigiets anders, snoer mense saam. Dit verhoog entoesiasme onder die gemeenskap en is 'n belangrike manier vir sosiale ontwikkeling, veral onder die jeug sowel as die vermoê om die jeug op te voed oor gesondheid en maatskaplike aangeleenthede. Dit bemagtig mense en leer hulle leierskaps- en burgerskapvaardighede asook die belangrikheid van samewerking tot gemeenskaplike doelwitte. Dit spreek ongelykhede uit in geslag, ras en gestremdheid.

In die geval van Bergrivier, is sport een van die belangrikste samesnoerende faktore om die mense van Bergrivier te verenig. Hierdie potensiaal moet verder ontgin word tot voordeel van die Bergrivier gemeenskap. Die mense van Bergrivier moet die geleentheid wat sport bied ten volle benut om die beste eienskappe van die Bergrivier gemeenskap aan Suid-Afrika en die wêreld uit te dra.

Die sportbeleid vir die Bergrivier munisipale gebied moet ingestel en ondersteun word deur alle georganiseerde liggame, hetsy deur die bevordering en ontwikkeling van sport in die private of openbare sketore of hulle formeel of informeel, direk of indirek, in verband staan tot die bevordering en ontwikkeling van sport. Die Bergrivier Munisipaliteit Sportassosiasie sal 'n belangrike koördinerings-, fasiliterings en moniteringsrol speel om te verseker dat die beleid ingestel word in samewerking met alle plaaslike sportrade.

EDITED COPY

Die behoefte vir die munisipaliteit en die gemeenskapsorganisasie om saam te werk was nog nooit belangriker as nou nie. Ons is almal hier om mense te help om gelukkige, gesonde en betekenisvolle lewens te lei.

Alhoewel die benadering tot sport gebaseer word op ware Bergrivier waardes en oortuigings – sy geografie, sy gemeenskap, sy geskiedenis en sy erfenis – moet die Bergrivier Sportbeleid reaktief wees tot streeks-, provinsiale, nasionale en globale invloed.

Doeltreffende koördinering en skakeling is noodsaaklik in sport. 'n Geintegreerde benadering word tans tot die bevordering en ontwikkeling van sport in die Wes-Kaap gevolg.

Hierdie sportbeleid is dus 'n poging om 'n raamwerk vir 'n geintegreerde toenadering tot die bevordering en ontwikkeling van sport in die Bergrivier Munisipaliteit te voorsien. In teenstelling met die verlede is 'n meer holistiese benadering vir die bevordering en ontwikkeling soos 'n goue draad verweef in hierdie beleid.

1.1 VISIE

Die visie vir sport en ontspanning is om:

- 'n aktiewe en wen-gemeenskap in die Bergrivier munisipale gebied te bou;

- 'n wesenlike sosiale samesnoering en gemeenskapsontwikkeling deur sport en ontspanning vir almal in die Bergriviergebied te skep.

Sport en ontspanning is 'n noodsaaklike ontwikkelingsmeganisme wat deur Bergrivier Munisipaliteit gebruik word om maatskaplike ontwikkeling maksimaal te benut deur die voorsiening van sport-geriewe en –programme wat nie net die maatskaplike behoeftes van almal in die gemeenskap aanspreek nie, maar veral ten opsigte van die jeug, vroue, gestremdes en ander gemarganaliseerde groepe binne ons uiteenlopende gemeenskappe.

Ses basiese begindels wat die raamwerk vorm vir die aanspreek van die vraagstukke, is soos volg geidentifiseer:

- Ontwikkeling moet aanbod gedrewe wees;
- Sport moet gemeenskapgevestig wees;
- Sportgeriewe moet toeganklik wees vir almal. Geografiese ligging, ekonomiese status, ouderdom, geslag, vermoëns, gestremdheid, taal en ander elemente binne 'n diverse gemeenskap moet nie inbreuk maak op die geleentheid om deel te neem aan sport nie;
- Geintegreerde ontwikkeling;
- Omgewingsintegriteit; en
- Uitnemendheid. Daar moet 'n verbintenis tot uitnemendheid op alle vlakke wees.

EDITED COPY

1.2 DOELWITTE

Bergrivier Munisipaliteit, die Bergrivier Sportassosiasie en die plaalike sportrade vervul 'n kollektiewe rol om te verseker dat die volgende beginsels nagestreef word en die doelwitte behaal word.

- Om 'n hoë prestasieprogram te ontwikkel wat gemik is op die voorbereiding van elite sportpersone vir groot kompetisies;
- Om 'n etiekkode vir sport en ontspanning in Bergrivier te ontwikkel;
- Om die funksionering van 'n doeltreffende en effektiewe Bergrivier Sportraad en plaaslike sportrade te onderhou en te verbeter;
- Om 'n volhoubare vyfjaar program te ontwikkel om sport in die Bergrivier munisipale gebied te bevorder;
- Om geriewe, veral bestaande onderbenutte geriewe, ten volle te benut.
- Om Bergrivier Munisipaliteit te bemark deur nasionale en provinsiale geleenthede te lok.

***Om hierdie doelwitte te bereik, word aanbeveel dat die munisipaliteit :-***

- Armoede en maatskaplike verval as prioriteitsgebiede vir die voorsiening van programme identifiseer;
- Spesifieke teikengroepe identifiseer wat verband hou met die voorsiening van programme: senior burgers, jeug, vrouesport, gestremdes (fisies/geestelik gestrem).

- Koördineer of bied programme aan in gebiede of persone wat geteiken is.
- Werwing, opleiding en koördinering van vrywilligers vir die aanbied van programme.
- Fasiliteer die ontwikkeling van 'n geintegreerde, gekoördineerde en billike vennootskap vir die aanbied van sportontwikkelingsprogramme in die Bergrivier munisipale gebied.
- Evalueer alle programme ten einde doeltreffendheid te bepaal.

1.3 WETLIKE RAAMWERK

Die Sport- en Ontspanningsplan word saamgestel binne die raamwerk van 'n nie-rassige, nie-seksistiese en demokratiese beginsels soos vervat in die land se Grondwet. In hierdie verband moet sport en ontspanning gesien word as 'n integrale deel van die transformasie van ons samelewing.

Die volgende is sommige van die belangrikste wetlike raamwerke waarbinne die sport- en ontspanningsbeleid ontwikkel is en geimplementeer gaan word:

- Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996
- Die Wet op Sport en Ontspanning, Wet 110 van 1998 soos gewysig;
- Wet op Loterye, Wet 57 van 1997;
- Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003.

EDITED COPY

***Dit is die plig van Bergrivier Munisipaliteit :***

- Oefen gesag uit om hulpbronne aan te wend in die beste belang van die plaaslike gemeenskap;
- Moedig gemeenskapsbetrokkenheid aan;
- Raadpleeg die gemeenskap ten opsigte van die vlak, gehalte, omvang en impak van sportgeriewe;
- Geslagsgelykheid;
- Bevorder 'n veilige en gesonde omgewing; en
- Dra by tot die progressiewe verwesenliking van die fundamentele regte soos vervat in die Grondwet.

***Die Raad moet –***

- Seker maak dat geriewe nie afgeskeep word deur diegene wat verantwoordelik is vir die instandhouding van sodanige geriewe;
- moet daarop let dat sommige sportklubs nie die kapasiteit het vir die verskaffing en instandhouding van die sportgeriewe nie;
- Moet kennis neem dat lede van die gemeenskap waar sodanige geriewe voorsien word, hulle lewenstandaarde verhoog en beveel aan dat sportforums gevestig word op 'n plaaslike vlak ten einde gemeenskapeienaarskap van geriewe te fasiliteer om daardeur vandalisme te verhoed.

## 1.4 BERGRIVIER MUNISIPALITEIT: ROLLE EN VERANTWOORDELIKHEDE

Bergirivier Munisipaliteit se rolle en verantwoordelikhede kan gesien word as een van leierskap, fasilitering en verskaffer. Bergrivier Munisipaliteit se primêre funksies is:

- Ontwikkel 'n beleidsraamwerk vir die bestuur van sport op plaaslike vlak in ooreenstemming met die nasionale en provinsiale sportplan;
- Maak sportgeriewe toeganklik vir alle persone in die plaaslike gebied onderworp aan die beskikbaarheid van fondse;
- Skep die nodige infrastruktuur vir die lewering van sport gegewe dat die klubs the basiese eenhede van sport is en die plaaslike owerhede 'n belankrike skakel in die waardeketting;
- Verseker die bestaan van programme wat die menslike hulpbronpotensiaal in sport ontwikkel;
- Befondsing en fasilitering van eksterne befondsing vir die voorsiening en onderhoud van sportgeriewe;
- Opgradering en onderhoud van sportgeriewe;
- Behoeftebepaling van sportgeriewe;
- Bewusmaking onder gemeenskappe van hulle verantwoordelikhede teenoor sportgeriewe in hulle gebied. Bergrivier Munisipaliteit is wetlik verantwoordelik om sportgeleenthede en –geriewe te voorsien. 'n Wye verskeidenheid sportgeriewe moet beskikbaar gemaak word en toenemende ondersteuning moet aan die gemeenskappe voorsien word. Bergrivier Munisipaliteit se voorsiening is belangrik omdat dit bepalend is in die omvang en omdat 'n wye verskeidenheid deelnemers bedien word.

EDITED COPY

***Die fokus van Bergrivier Munisipaliteit:***

- Ontwikkel geleenthede vir deelname aan sport binne die landelike gebied in besonder vir jongmense en vroue;
- Identifiseer en ontwikkel sportiewe gebruik van bestaande nie-sport en sport-geriewe bv. gemeenskapsale, skole, buiteareas, ens.
- Skakel met en help bestaande sportklubs om te ontwikkel;
- Lei plaaslike mense op in sportleierskap en afrigting om te verseker dat sport plaaslik geskied.

***Leierskap:***

Die rol en veranwoordelikheid van Bergrivier Munisipaliteit as 'n leier sluit in:

- Formulering van beleid, beplanning en koördinering om sport te bevorder;
- Spreek die sportbehoeftes van benadeelde gemeenskappe aan;
- Ontwikkel vennootskappe
- Bevorder die filiaal beginsel waar koördinering op plaaslike vlak beter uitgevoer kan word

- Onderhoud van sportgeriewe
- Finansiële hulpverlening

***Fasiliterend***

'n Belangrike beginpunt in die voorbereiding van 'n Geintegreerde Sportplan is 'n is 'n voldoende databasis van geriewe en behoeftes en hulpverlening met strategiese beplanning. Bergrivier Munisipaliteit sal die proses van die ontwikkeling en rol van sportfasiliteit ten opsigte van:

- Die skep van 'n gunstige omgewing wat gunstig is vir die ontwikkeling van sport in die Bergriviergebied.
- Verseker die koördinering van steundienste en geriewe sodat sport op alle vlakke kan vooruitgaan, insluitend professionele sport
- Help informele sektor om te formaliseer

***Verskaffer***

Elite sportpersoonlikhede woon in plaaslike gemeenskappe. Hulle sukses is 'n saak van burger en soms nasionale trots. Talle gemeenskappe ondersteun plaaslike sterre entoesiasties, maar kan ambivalent wees wees wanneer in die sterre se toekoms belê word. Sportpersoonlikhede het spesiale behoeftes, wat begryp, gekwantifiseer en nagevors moet word, net soos die vereistes van ander groepe se spesiale behoeftes. As hierdie ambivalensie oorkom kan word, kan Bergrivier Munisipaliteit drie baie beduidende bydraes lewer tot die ontwikkeling van uitnemendheid, naamlik:

EDITED COPY

- Ontwikkel meer inter-raad samewerking ten einde gebiedsafrigtingskole asook programme wat wyer strek as plaaslike programme te voorsien;
- Ondersteun vrywilligers op plaaslike vlak deur die voorsiening van afrigting opvoeding, klubontwikkeling en ander ondersteuningspakkette.

***Bergrivier Munisipaliteit se rol as voorsiener is soos volg:***

- Om geriewe en programme te voorsien aan daardie gebiede en gemeenskappe waar die privaatsektor nie voorsiening maak nie;
- Voorsien fondse vir die skep en opgradering van basiese, veeldoelige sportgeriewe;
- Bepaal die behoefte vir geriewe dwarsdeur Bergrivier;
- Fasiliteer die gebruik van alle munisipale geriewe deur alle deelnemers;
- Lei bestuurders van geriewe op;
- Bekom eksterne finansiële bronne vir die bou en opgradering van basiese veeldoelige sportgeriewe (MIG en Loteryfonds).
- Bou en opgradering van basiese, veeldoelige sportgeriewe;
- Bevorder sportaktiwiteite by geriewe wat geskep is;
- Nakoming van sy grondwetlike verpligting vir die voorsiening van sport;

- Neem strategiese beleggingsbesluite ten opsigte van sport wat positief impakteer op die gemeenskap as 'n geheel; en
- Versterk Bergrivier Sportassosiasie en plaaslike sportrade in elke dorp.

**1.5 BEFONDSING**

Fondse wat Bergrivier Munisipaliteit beskikbaar maak sal bestuur word ooreenkomstig die bepalings van die Wet op Finansiële Munisipale Bestuur (Wet 56 van 2003). Die volgende sal geld wanneer fondse oorgeplaas word na organisasies en liggame buite regeringsverband:

1. Voor die munisipaliteit se fondse oorgeplaas word na 'n organisasie of liggaam buite enige regeringsliggaam, moet die verantwoordbare beampte tevrede wees dat die organisasie of liggaam :-

   (a) die kapasiteit het en ingestem het tot die volgende–
      (i) om te voldoen aan enige ooreenkoms met die munisipaliteit;
      (ii) om te voldoen aan verslagleweringen finansiële vereistes tydens die tydperk van ooreenkoms;
      (iii) bestuurs- en ouditbepalings soos vervat in die ooreenkoms;
      (iv) om ten minste maandeliks aan die verantwoordbare beampte te rapporteer met betrekking tot werklike uitgawes en geouditeerde finansiële state vir die finansiële jaar betyds voor te lê aan die verantwoordbare beampte.

   (b) implementeer effektiewe, doeltreffende en deursigtige finansiële bestuur en informele beheerstelsels om te waak teen bedrog, diefstal en finansiële wanbestuur; en

   (c) het ten opsigte van vorige soortgelyke oordragte, voldoen aan al die bepalings van hierdie artikel;

2. Indien enige organisasie of liggaam versuim het om te voldoen aan die bepalings van subartikel (1) ten opsigte van 'n vorige oordrag, kan die munisipaliteit ten spyte van subartikel (1)(c) 'n verdere oordrag aan daardie organisasie of liggaam maak met dien verstande dat –

   (a) subartikel (1)(a) en (b) nagekom word; en
   (b) die betrokke provinsiale tesourie die oordrag goedgekeur het.

3. Die verantwoordbare beampte moet deur kontraktuele en ander geskikte meganismes nakoming van subartikel (1) afdwing.

Daar kan min twyfel bestaan dat alle aspekte van sport, toegang tot befondsing vereis. Die werklikheid is egter dat befondsing deur Bergrivier Munisipaliteit altyd beperk sal wees. Dit beteken ook dat aansienlike moeite gedoen moet word om die maksimum vlak van befondsing vanaf nie-

EDITED COPY

regeringsbronne verhoog moet word. Fondse sal bestuur word ooreenkomstig die beginsels van gesonde korporatiewe bestuur.

***Finansiële toekenning***

Bergrivier Munisipaliteit sal jaarlikse besluit op die beskikbare bedrag. Die Bergrivier Sportassosiasie moet jaarliks 'n verslag aan Bergrivier Munisipaliteit beskikbaar maak ten opsigte van die uitgawe van die bedrag wat beskikbaar gemaak is.

Alle fondse sal direk toegewys word aan die Bergrivier Sportassosiasie.

Sportklubs moet jaarliks aansoek doen vir finansiële ondersteuning vir sportgeriewe en ontwikkeling by die Bergrivier Sportassosiasie via die plaaslike sportrade. Aansoeke moet 'n gedetailleerde voorgestelde begroting insluit. Bergrivier Munisipaliteit sal 'n finale besluit neem nadat oorleg gepleeg is met die Bergrivier Sportassosiasie.

Fondse sal slegs beskikbaar gemaak word vir die bou of opgradering van munisipale sportgeriewe en sportontwikkeling. Die munisipaliteit kan ook administratiewe ondersteuning beskikbaar maak aan die Bergrivier Sportassosiasie en plaaslike sportrade indien nodig geag. Die munisipaliteit kan ook personeel aanstel om bystand te verleen met alle aspekte van sportontwikkeling. Die uiteindelike doelwit is egter om te werk na 'n volhoubare sportstruktuur.

EDITED COPY

***Om te kwalifiseer vir befondsing, moet die Bergrivier Sportassosiasie:***

- 'n verenigde en demokraties verkose liggaam met geregistreerde deelnemers wees;
- 'n behoefte toon vir ontwikkeling en lewensvatbare ontwikkelingsprogramme hê
- die vermoë openbaar om fondse doeltreffend te bestuur, openbare erkenning vir die klub se ondersteuning van bepaalde projekte;
- die nodige kontraktuele reëlings met Bergrivier Munisipaliteit aangaan;
- die finansiële ondersteuning uitsluitlik gebruik vir die bevordering van sport en ontspanning;
- vrywillige assossiasie en deelname ondersteun;
- Jaarlikse of tweejaarlikse algemene vergaderings hou;
- gereeld uitvoerende komiteevergaderings hou;
- vorige betalings ontvang van Bergrivier Munisipaliteit doeltreffend aangewend;
- indien versoek, toestem om befondsing te gebruik op 'n wyse soos spesifiek bepaal deur Bergrivier Munisipaliteit;
- bereid wees om toekomstige ontwikkelingsplanne aan Bergrivier Munisipaliteit voor te lê by gebrek waarvan die aansoek onsuksesvol kan wees;
- nie diskrimineer teen enigeen op grond van ras, geslag, godsdienstige affiliasie, klas, etniese groep of gestremdes;
- geouditeerde finansiële state voorlê.

***Befondsing sal nie beskikbaar gemaak word aan:***

- Liggame wat nie doeltreffend en voldoende gebruik gemaak het van vorige befondsing deur Bergrivier Munisipaliteit nie;
- Kommersiële en professionele liggame;
- Om bonusse, deelname fooie, prysgeld or kommissie aan deelnemers/ promotors/ bemarkers te betaal;
- betaling van terugwerkende koste aangegaan deur die organisasie;

***Bergrivier Munisipaliteit behou verder die reg om:***

- sy befondsing te onttrek ten einde te verseker dat 'n sport- en ontspanningsliggaam sy algemene administrasie op 'n gesonde basis bedryf;
- finansiële ondersteuning weerhou van enige sport- en ontspanningsliggaam wat nie positief optree teen enige van sy lede wat skuldig is aan die gebruik van verbode middels;
- 'n Bergrivier munisipale beampte/afgevaardigde aanwys om as waarnemer(s) enige projek waarvoor Bergrivier Munisipaliteit finansiële onderseuning gee het, by te woon;
- die befondsing of 'n gedeelte daarvan weerhou indien daar enige kontrakbreuk is aan die kant van die ontvanger van die fondse;
- die finansiële ondersteuning van enige sport- of ontspanningsliggaam weerhou indien geouditeerde finansiële state nie voorgelê is teen die datums soos ooreengekom nie;

EDITED COPY

**1.6 GERIEWE**

- Verkrygingsbeginsels en beleid
- Bergrivier Munisipaliteit het die volgende beleide en prosedures in plek ten einde die veilige, doeltreffende gebruik van die billike beskikbaarheid van sportgeriewe;
- Bergrivier Munisipaliteit behou die reg om enige beleide en prosedures te wysig en om sodanige bykomende reels en regulasies te ontwikkel en toe te pas wat benodig word vir die beveiliging van geriewe, die individuele geriewe en die gebruikers en beskermhere van die geriewe;
- alhoewel in bepaalde omstandighede afgewyk kan word van die fooie soos vasgestel in hierdie beleid, is dit algemene gebruik om jaarlikse huurooreenkomste te sluit met die plaaslike sportrade vir die gebruik en onderverhuring van geriewe.
- Bergrivier Munisipaliteit sal dienste lewer soos water, elektrisiteit, rioolverwydering en vullisverwydering;
- enige ander diens of verwydering wat benodig word, teen 'n koste soos bepaal in die ooreenkoms;
- kontrakte
- die aangewese gebruik van enige gerief of gebied word beskou as die prioriteitsgebruik vir sodanige gerief mits skriftelike toestemmming vir alternatiewe gebruik bekom is vanaf Bergrivier Munisipaliteit;

***Drie breë beginsels geld vir die beplanning van geriewe naamlik:***

- Behoeftebepaling: voorsiening van bronne moet gegrond wees op 'n akkurate behoefte bepaling en identifisering van verdere vereistes;
- Rasionalisering, verbetering in samewerking en koördinering kan bestaande bronne die beste benut en duplisering in verskaffing uitskakel; en
- Volhoubaarheid: beplanning moet verseker dat geriewe finansieel, sosiaal en omgwings-vriendelik onderhou word.

***Voorsiening***
***Bergrivier Munisipaliteit moet:***

- 'n Geintegreerde ontwikkelingsbenadering volg ten opsigte van die voorsiening van sportgeriewe (binnenshuis en buite), word op hoogte gehou deur die munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk en plaaslike gebied ruimtelike planne en inagneming van die behoeftes van die plaaslike gemeenskap;
- streef na en bevorder die optimale gebruik van gemeenskaplike bronne met die voorsiening van sportgeriewe aan die inwoners;
- fokus daarop om die kapasiteit van bestaande bronne, publiek of privaat, ten volle te benut voor nuwes ontwikkel word;
- moet aktief geleenthede soek vir die voorsiening van sportgeriewe deur innoverende reëlings met die privaat sektor;
- Erken die behoeftes om die gebruik van munisipale en skool sportgeriewe te rasionaliseer ten einde optimaal gebruik te maak van hierdie gemeenskaplike bronne te benut tot voordeel van almal wat deelneem aan sport;
- Toegang tot munisipale geriewe deur skole en andersom sal bepaal word ooreenkomstig die beskikbaarheid en onderhoud vereistes van elke sodanige gerief ingevolge die ooreenkoms van die plaaslike sportraad;

Die uitdaging om geriewe te voorsien in die Bergrivier munisipale gebied is nie eenvoudig net 'n tekort aan geriewe nie, maar ook die ligging van die geriewe. Voorts is dit die benadering van Bergrivier Munisipaliteit om veeldoelige geriewe die fokuspunt van elke gemeenskap te maak. Hierdie gemeenskapsgebaseerde benadering is om te verseker dat gemeenskappe eienaarskap neem van geriewe en om hulp te verleen met die onderhoud en bestuur daarvan.

Bergrivier Munisipaliteit poog om plaaslike bronne te gebruik in die skepping/ opgradering van geriewe – dit sal bydra tot werkskepping. Alle geriewe moet maklike toegang verleen vir gestremdes.

EDITED COPY

***Beskikbaarheid van sportgeriewe aan alle gemeenskappe sluit die volgende in –***

- Voorsiening van sportgeriewe aan voorheen benadeelde gemeenskappe;
- Toeganklikheid van sportgeriewe aan almal in alle gebiede;
- Sensitiwiteit teenoor gestremdes wanneer sportgeriewe opgerig word;
- Die vlak van standaard van geriewe binne die onderskeie gemeenskappe;
- Eienaarskap van sportgeriewe deur gemeenskappe;
- Onderhoude van geriewe deur beide die gemeenskap en die munisipaliteit.

**Bestuur**

***Sportgeriewe moet op so 'n wyse bestuur word dat dit die volgende verseker:***

- Billike toegang en volhoubaarheid van geriewe;
- Vermindering in onderhoud aanspreeklikheid vir Bergrivier Munisipaliteit;
- Bevordering van eienaarskap en verantwoordelik tussen sportorganisasies en individue;

***Bergrivier Munisipaliteit moet sover moontlik gesamentlike bestuursvennootskappe vind vir gebruikers van die geriewe gegrond op :***

EDITED COPY

- Kostedoeltreffende wyse van dienslewering;
- Skepping van kapasiteit binne die gemeenskap;
- Inklusiewe gebruik van geriewe;

***Kostedoeltreffende wyse van dienslewering:***

Koördinering van aktiwiteite verhoed nie slegs duplisering nie, dit verseker dat bronne doeltreffend en effektief gebruik word. As deel van 'n span, sal Bergrivier Munisipaliteit na oorlegpleging met die Bergrivier Sportassosiasie, bepaal watter agentskap die dienste wat deur die gemeenskap verlang word, die beste kan lewer. Hierdie koöperatiewe benadering verseker dat bronne maksimaal benut word.

Bergrivier Munisipaliteit moet ten volle bewus wees dat dit 'n sleutelspeler is wat saam met ander rolspelers, benadeelde gemeenskappe ophef uit uiterste armoede en ander sosio-ekonomese ongeregtighede wat direk voortspruit uit die apartheidstelsel. Die taak om die nalatenskap van apartheid binne die arena van sport, kuns, kultuur en erfenis uit te wis, is 'n fokuspunt. Die oorhoofse doelwit van ons diensleweringverbeteringsplan is om al ons bronne te benut op die pad na verbeterde dienslewering.

Bergrivier Munisipaliteit moet ten volle bewus wees van die feit dat hul pogings om doeltreffende dienslewering te lewer altyd verbeter sal word deur die volle deelname van ons belanghebbendes in die bepaling van die diens wat gelewer moet word aan hulle.

Bergrivier Munisipaliteit se verbintenis om die lewens van mense van hierdie provinsie te verbeter sal deur niks minder as die Batho Pele-beginsels gerig word nie.

***Formele onderhoud ooreenkomste van toepassing op 'n bepaalde kompleks***

As die eienaar van alle gelisensieerde geboue binne die Bergrivier munisipale gebied, is die munisipaliteit verantwoordelik vir die onderhoud van die bouvorm van geboue in 'n goeie en veilige toestand. Die munisipaliteit onderneem om enige strukturele herstelwerk, onderhoud en verbeterings aan gelisensieerde sportgeboue aan te bring.

Lisensiehouers sal verantwoordelik wees om toe te sien dat geboue netjies en skoon gehou word en om toebehore te vervang soos verlang asook enige ander item soos bepaal in die huurooreenkoms.

Die munisipaliteit sal gebiede monitor om seker te maak dit voldoen aan beroepsgesondheid- en veiligheidsvereistes en openbare veiligheidstandaarde. As bewaarder van die Bergrivier munisipale gebied het die munisipaliteit 'n deurlopende wetlike verantwoordelikheid om toe te sien dat sportgeriewe in 'n veilige en aanvaarbare standaard gehou word. Die munisipaliteit moet in samewerking met lisensiehouers 'n risikobestuur oudit van sportgeriewe binne die Bergrivier munisipale gebied uitvoer en die onderhoud van hierdie geriewe op 'n gereelde grondslag monitor.

EDITED COPY

***Bevordering van deelname in onderhoudvennootskappe***

Vennootskappe wat die ondervinding en die kwaliteit van die sport geleenthede by alle fasiliteite verbeter, word aangemoedig. In ruil kan die organisasie oorweeg word vir 'n hoër priortieit van gebruik en/of langer termyn gebruik ooreenkoms en voordele. Vennootskappe kan voorgestel word vir die opgradering van geriewe, verhoogde onderhoud, bedrywighede en bestuur of nuwe ontwikkeling.

***Huurooreenkomste***

Bergrivier Munisipaliteit kan huurooreenkomste aangaan teen die agtergrond van inklusiewe en optimale gebruik van die geriewe by plaaslike klubs. Ooreenkomste kan aangegaan word met 'n bepaalde klub of 'n plaaslike sportraad afhangende van die aard van die gerief. Die regte en verantwoordelikhede van die verhuurder en die huurder word uiteengesit in die huurooreenkoms.

***Toepassing van beginsels van billikheid, bekostigbaarheid en toegang tot toewysings***

Bergrivier Munisipaliteit onderhou die beginsels van billikheid, bekostigbaarheid en toegang tot toewysing van ooreenkomste.

***Toekenning van ooreenkomste moet vermindering van duplisering bevorder***

Die toekenning van ooreenkomste behoort 'n gerasionaliseerde gebruik van munisipale geriewe en bronne (veral grond) vir sportdoeleindes te bevorder en duplisering in die voorsiening van sport-geriewe in woonbuurte verminder.

***Toekenning van ooreenkomste moet die verskillende tipes sport bevorder***

Die huur van munisipale grond en geriewe vir sportdoeleindes moet toegepas word om die verskillende tipes sport te bevorder en nie spesifieke sportgeriewe dupliseer wat geredelik beskikbaar is in 'n spesifieke gebied hetsy in private of openbare besit soos geriewe by skole nie.

***Prioriteite van gebruikers van sportgeriewe***

Vier prioriteitskategories vir gebruikers van geriewe is geskep met Kategorie 1 wat die hoogste kategorie is. Hierdie kategorieë sal oorweeg word met die toekenning van geriewe en tye wat geskeduleer is by alle geriewe.

A. ***Kategorie 1*** – die Munisipaliteit

EDITED COPY

Die munisipaliteit sal die volgende insluit –

- Aktiwiteite van Bergrivier Munisipaliteit
- Geleenthede wat deur Bergrivier Munisipaliteit geborg of mede-geborg word
- Aktiwiteite en geleenthede van die Bergrivier Munisipaliteit sportaktiwiteite koördineerder

B. ***Kategorie II*** **– Plaaslike geregistreerde klubs**

Plaaslike sportklubs word omskryf as nie-winsgewende of nie-vir-winsgewing groepe vir die primêre doel of ontspanningsgeleenthede te voorsien en te lewer.

C. ***Kategorie III*** – Burgerlike of opvoedingsgroepe – gemeenskapsorganisasies

D. ***Kategorie IV*** - Ander eksterne organisasies, individue, besighede of groepe, provinsiale en nasionale liggame.

## 2. BERGRIVIER SPORTASSOSIASIE

### 2.1 Bergrivier Sportassosiasie: Rolle en Verantwoordelikhede

Die ontwikkeling van 'n Bergrivier Sportassosiasie is geidentifiseer met die doel om 'n sleutelrol te speel met die implementering van die beleid.

Daar is 'n behoefte aan 'n gemeenskaplike stem vir sport, die behoefte aan 'n sentrale inligtings-bron en die behoefte aan 'n koördinerende liggaam om kommunikasie tussen sportgroepe en deelnemers te bevorder.

***Die mandaat vir die Bergrivier Sportassosiasie is:***

Om kommunikasie tussen sportvennote in sport aan te moedig en om leierskap te bevorder as 'n gemeenskaplike stem vir sport.

***Die funksie van die Bergrivier Sportassosiasie is –***

- om ondersteuning vir sportbevordering en ontwikkeling in Bergrivier te fasiliteer;
- om as adviserende liggaam op te tree vir Bergrivier Munisipaliteit ten opsigte van sportgeriewe en ontwkkeling;
- Om as tussenganger op te tree om klubs te koppel met federasies, munisipaliteit, burgerlike gemeenskapstruktuur ten einde die integrasie van sportprogramme te verseker en duplisering van bronne te vermy
- Om beleid te implementeer en programme te skep binne 'n stelsel van goeie bestuur

EDITED COPY

**Primêre Adviserende Liggaam**

Dit word van die Bergrivier Sportassosiasie verwag om:

- as raadgewende liggaam op te tree vir Bergrivier Munisipaliteit;
- die departement van Kultuursake en Sport by te staan met die implementering van sportprogramme;
- Skakel met die departement van Kultuursake en Sport met die bevordering van sport;
- Geskilbeslegtiging.

## 2.2 Volhoubare en konstruktiewe kommunikasieskakel

Die Bergrivier Sportassosiasie kan volhoubare en konstruktiewe kommunikasieskakels skep deur:

- Openbare vergaderings insluitend algemene jaarvergadering;
- Verkry publisiteit en ondersteuning;
- Bou vennootskappe, organisasies, burgerlike groepe, ens; en
- Erken individuele verskille: geslag, kulturele agtergrond, beroep, is slegs 'n paar faktore wat bydra tot die veskillende kommunikasiestyle. Die erkenning en respek vir verskille kan misverstande, frustrasie en wrok verminder.

## 2.3 Onderhoud en jaarlikse opgradering van ontwikkelingsprofiel

***Behoefte vir 'n oudit***

Ten einde 'n maatstaf waarteen toekomstige verbetering gemeet kan word op te stel, kan die Bergrivier Sportassosiasie jaarliks verantwoordelik gehou word om hierdie sportonwikkelingsprofiel op te dateer (insluitend klubbesonderhede) en dit bekendmaak aan die publiek.

Dit is belangrik om 'n oudit uit te voer ten einde te huidige situasie te evalueer. Hierdie oudit moet alle sportorganisies, regerings- en nie-regerings, multi-sport organisasies, nasionale federasies en provinsiale strukture insluit.

***Beplanning***

'n Noodsaaklike voorvereiste vir sukses op hierdie vlak is dat die Bergrivier Sportassosiasie 'n duidelike strategiese plan ontwikkel, doelwitte identifiseer vir sukses oor 'n bepaalde tydperk en strategieë om hierdie doelwitte te behaal. Hierdie beplanning sal help om professionalisme of besigheidsbestuur in alle aspekte van die Bergrivier Sportassosiasie se bedrywighede, insluitend bestuur, afrigting en ondersteuningsdienstge, in werking te stel.

EDITED COPY

Hierdie beplanningsbenadering is gebaseer op die konsep dat die Bergrivier Sportassosiasie die middelpunt van enige sportstelsel moet wees. Hulle moet hulle sport beter ken as enigiemand anders en moet aangemoedig word om uiteindelik verantwoordelikheid te neem vir hulle eindbestemming.

Die primêre fokus van die Bergrivier Sportassosiasie is die welsyn en prestasie van hulle sport-persoonlikhede asook alle sportstrukture binne die Bergrivier munisipale gebied. Hierdie verant-woordelikheid sluit in die identifisering en koestering van al die talentvolle deelnemers in hulle sportsoorte.

## 2.4 Onwikkeling van 'n etiekkode vir sport in Bergrivier

Daar is 'n neiging om sport te romantiseer. Die Bergrivier Sportassoasie moet egter bewus wees van die potensiaal vir negatiewe praktyke in sport, bv. middelemisbruik, uitbuiting, geweld, ens.

Die etiese oorwegings rondom regverdige spel is inherent tot alle sportliggame met besondere verwysing na opkikkers en dissipline. Die Bergrivier Sportassosiasie moet opkikkers in sport en die voorkoming van geweld in sport as prioriteit stel.

Die Bergrivier Sportassosiasie moet toesien dat alle rolspelers aangemoedig word om geweld of wangedrag deur spelers en toeskouers te beheer; daarbenewens moet die vestiging van belange-groep forums soos atletiekverenigings en afrigterverengings bespoedig word.

Die etiekkode vir sportbeamptes, bemarkers en atlete is 'n belangrike mylpaal. Dit is duidelik dat terwyl die verantwoordelikheid vir etiese gedrag uiteindelik by die individu berus, voorsien sportklubs 'n etiese raamwerk vir sport ten einde by te dra tot die opbou van 'n vreedsame wêreld waar sport sonder diskriminasie beoefen word deur gemeenskaplike begrip en 'n gees van vriendskap, eensgesindheid en regverdige spel.

### 2.5 Kapasiteitbou en vennootskap formulering

Die Bergrivier Sportassosiasie moet bystand verleen, byvoorbeeld in 'n nuut ontwikkelende gebied met ontoereikende infrastruktuur en geriewe, veral in nabygeleë landelike gebiede. Dit kan lei tot die vestiging van 'n aantal gemeenskapsvennootskappe wat fokus op die voorsiening van sport.

### 2.6 Struktuur en Verteenwoordiging

Die Bergrivier Sportassosiasie sal uit twee afgevaardigdes van die plaaslike sportrade bestaan. Die plaaslike sportrade is soos volg:

- Eendekuil-sportraad
- Velddrif-sportraad
- Porterville-sportraad
- Piketberg-sportraad
- Aurora-sportraad
- Redelinghuys-sportraad
- Goedverwacht-sportraad
- Wittewater-sportraad
- een raadslid – ex officio lid
- een munisipale beampte – ex officio lid

EDITED COPY

## 3. PLAASLIKE SPORTRADE IN DORPE

Die Bergrivier plaaslike sportrade beoog om behoorlike en doeltreffende stelsels om sport aan die Bergrivier munisiale gemeenskap te lewer in te stel en te monitor deur –

- ***Ondersteuning vir die ontwikkeling van generiese sportbeleide –***

Ontwerp van generiese sportbeleide soos 'n insluitingbeleid, goeie bestuur, regverdige spel en befondsing en tegniese hulp kriteria.

- ***Geintegreerde sportontwikkeling***

  Voetsoolvlak strukture moet bemagtig word deur kursusse in sportopvoeding. Dit sluit in afrigting teorie en administrasie van sport.

### *3.1 Raadslede – klubs*

'n Klub is 'n gestruktureerde, gekonstiueerde basis vir die deelname in sport en dien as 'n middel vir langtermyn deelname ontwikkeling asook mentorskapprogramme om vir hoë prestasie voorsiening te maak.

***'n Klub se funksies sluit die volgende in-***

(a) Implementeer sportbeleid op groep/individuele vlak;
(b) die kern van die besigheid is om deelname te verhoog deur proaktiewe werwingprogramme;
(c)

EDITED COPY

BYLAE A

| VERANTWOORDELIKHEDE | KATEGORIE A<br>PORTERVILLE, VELDDRIF, PIKETBERG | KATEGORIE B<br>EENDEKUIL, REDELINGHUYS, AURORA |
|---|---|---|
| Voorwaardes van bates | Volle reeks geriewe vir verskeidenheid kodes (goeie toestand) | Voldoende geriewe vir afgeskaalde kodes. Goeie/bogemiddelde toestand |
| Bestuur deur gemeenskap | Hoë gemeenskapskapaiteit om te bestuur | Voldoende gemeenskapskapasiteit om te bestuur |
| Nuwe modelbestuur | Bergrivier Munisipaliteit moet 'n huur-ooreenkoms sluit met Bergrivier Sport-assosiasie en Bergrivier Sportassosiasie onderverhuur aan plaaslike sportsraad | Bergrivier Munisipaliteit moet 'n huur-ooreenkoms sluit met Bergrivier Sport-assosiasie en Bergrivier Sportassosiasie onderverhuur aan plaaslike sportrade |
| Sekuriteit en versekering | Sportrade verantwoordelik vir beveiliging en versekering van alle bates van die sportraad | Sportrade is verantwoordelik vir die beveiliging eng van alle sportbates |
| Bestuurstruktuur | Sportraad een kode een stem. Maandelikse vergaderings en voorlegging van agenda en notules. Munisipaliteit sal as voorsitter optree by verkiesing-vergaderings (AJV) | Sportraad een kode een stem. Maande-likse vergaderings en voorlegging van agendas en notules. Munisipaliteit sal as voorsitter optree by verkiesingsvergade-rings (AJV) |
| Finansiële beher | Jaarlikse finansiële state moet aan die Bergrivier Sportassosiasie voorgelê word voor 1 Julie | Jaarlikse finansiële state moet aan die Bergrivier Sportassosiasie voorgelê word voor 1 Julie |
| Inkomste gegenereer | Aan sportraad vir sportonderhoud en sport ontwikkeling | Aan sportraad vir sportonderhoud en sport ontwikkeling |
| Onderhoud | Munisipaliteit | Munisipaliteit |
| Water en elektrisiteit | 100% deur Sportraad | 100% deur Sportraad (voorafbetaalde meters |
| Nuwe ontwikkeling, strukturele veranderings en opgradering van infrastruktuur | Alle voorstelle vir ontwikkeling of opgradering moet met die Direkteur Tegniese Dienste bespreek word vir voorlopige goedkeuring. Gebaseer op die aanbeveling van die Direkteur Tegniese Dienste kan die voorafgekeurde planne voorgelê word vir finale goedkeuring. | Alle voorstelle vir ontwikkeling of opgra-dering moet met die Direkteur Tegniese Dienste bespreek word. Gebaseer op die aanbeveling van die Direkteur Tegniese Dienste kan die voorafge-keurde planne voorgelê word vir finale goedkeuring. |
| Onderverhuring | Plaaslike sportraad is 100% verantwoorde-lik vir die huur en verhuur van sportgeriewe. Die sportraad sal voorkeur gee aan alle amptelike munisipale geleenthede. Nasionale en provinsiale sportgeleenthede sal goedgekeur word in samewerking met die Munisipaliteit. | Plaaslike sportraad is 100% verant-woordelik vir die huur en verhuur van sportgeriewe. Die Sportraad sal voor-keur gee aan alle amptelike munisipale geleenthede en die gerief sal gratis wees. Nasionale en provinsiale sportge-leenthede sal goedgekeur word in |

| | | |
|---|---|---|
| | | samewerking met die Munisipaliteit. |
| Vrywaring | Die Bergrivier Sportraad sal Bergrivier Munisipaliteit vrywaar vir die huurtermyn | Die Bergrivier Sportraad sal Bergrivier Munisipaliteit vrywaar vir die huurtermyn |